

Sondag 3 Maart

Skrifgedeelte: Josua 2:1-24

Fokusgedeelte: Josua 2:9-14

God se verlossing en oordeel wek geloof wat oorgaan in dade en redding van ons iele

Soos al die ander inwoners van die land, het Ragab gehoor van die werke van die Here. Sy het gehoor hoe die Here Israel verlos het uit slawerny in Egipte; sy het gehoor dat die Here heidenvolke met sy oordeel van die banvloek tref – hulle totaal uitwis, mens en dier en al hulle besittings!

Maar anders as die koning en ander inwoners van Jerigo, het die “skrik” (vs 9) vir wat sy gehoor het, haar hart nie in totale angs laat verstyf nie. Nee, deur die werking van die Heilige Gees wek God se werke haar op tot geloof. Sy bely nie net Wie God is nie (vs 11), maar sy gaan ook oor tot dade wat wys dat sy glo dat God haar as sondaar én haar hele familie kan red (vgl. Heb. 11:31; Jak. 2:25)! Nie alleen hulle lewens nie, maar ook hulle siele (vs 13, 1953-vertaling).

Só merkwaardig is haar dade van ongeloof dat die verspieders met geloofsdade antwoord: hulle plaas hulle eie lewens op die spel om seker te maak dat Ragab en haar familie die troue verbondsliefde en guns van God sal ervaar (vgl. Jos. 6:22, 23)!

Watter uitwerking het God se werke nog op ons? Sy werke wat ons herinner aan Wie Hy is: Hý wie se oordeel onvermydelik is vir elkeen wat in hulle sondes volhard en hulle harte verstyf (vgl. Op. 19:2). Maar ook Hý wat deur Jesus Christus verlossing vir ons siele bewerk vir elkeen wat dit in geloof ontvang en met dade van geloof reageer. Wys ons dade dat ons glo dat ons hierdie redding ontvang het? Is ons bereid om met ons dade ander te lei om ook God se guns en troue liefde te ontvang? Mag God deur sy Gees ons vandag opwek tot ware geloof wat deur dade bevestig word.

Sing: Skrifberyming 14-1:1-3

Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop-Mariental)